higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR-VLAK 2

(11011042)

16 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 1 addendum.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Hierdie tipe toeris reis na ongewone plekke in die wêreld, byvoorbeeld Antarktika.

A Individuele massatoeris
B Ekskursionis
C Verkenner
D Gesondheidstoeris

1.1.2 Kulula.com is 'n voorbeeld van 'n … lugredery.

A geen-fieterjasies-
B handves-
C kommersiële
D internasionale

1.1.3 Die Kgalagadi-oorgrenspark strek oor die grense van …

A Noord-Kaap en Botswana.
B Noord-Kaap en Namibië.
C Noordwes en Botswana.
D Limpopo en Mosambiek.

1.1.4 CAA staan vir …

A Conference Association of Africa.
B Council Aviation Association.
C Camping Association of Africa.
D Civil Aviation Association.

1.1.5 Die term wat gebruik word om te verwys na die aantal toeriste wat deur die gasheergemeenskap, -omgewing en -ekonomie geakkommodeer kan word sonder om die gasheer negatief te beïnvloed, is ...

A drakrag.
B gasheerkapasiteit.
C impakstudie.
D impakdravermoë.

1.1.6 Pilanesberg is 'n voorbeeld van 'n ...

A kulturele aantreklikheid.
B vermaaksoord.
C avontuuraantreklikheid.
D natuuraantreklikheid.

1.1.7 'n Negatiewe ekonomiese impak van toerisme is ...

A besoedeling.
B inflasie op grondpryse.
C aftakeling van geboue.
D generering van inkomste.

1.1.8 Hierdie operateurs spesialiseer in toerpakkette vir toeriste binne die grense van Suid-Afrika, as operateurs van ...

A uitwaartse toere.
B binnelandse toere.
C inkomende toere.
D Suid Afrikaanse toere.

1.1.9 Hazel's Homestays verteenwoordig die … sektor van die toerismebedryf.

A vervoer-
B verblyf-
C dienste-
D ondersteuning-

1.1.10 ... is ‘n voorbeeld van spoorvervoer in Suid-Afrika.

A Translux
B Eurail
C Shosholoza Meyl
D Via Spoor

(10 × 1) (10)

1.2 Daar is baie redes waarom mense na Suid-Afrika reis. Suid-Afrika het 'n reputasie as 'n bestemming wat asemrowende vakansies bied. Dit bied die toeriste uitstekende strande, historiese slagvelde, 'n kleurvolle kultuur, avontuuraktiwiteite en soveel meer.

1.2.1 Gee die definisie van 'n *toeris.* (2)

1.2.2 Noem VYF verskillende tipes toeriste-inligtingsdienste wat 'n toeris kan gebruik om navorsing oor Suid-Afrika te doen. (5)

1.3 Ondersteuningsdienste is een van die toerismesektore wat die toeris kan gebruik terwyl hy/sy Suid-Afrika besoek. Dit het private en openbare sektore.

1.3.1 Verduidelik die verskil tussen *private* en *openbare* sektor. (2)

1.3.2 Klassifiseer die volgende ondersteuningsdienste as óf openbare sektor óf privaat sektor. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (a−c) in die ANTWOORDBOEK neer.

(a) OR Tambo Internasionale Lughawe
(b) AIG Reisversekeringsmakelaars
(c) Wes-Kaap Toerisme

(3 × 1) (3)

1.4 Maak TWEE voorstelle aan 'n junior konsultant oor hoe hy die ervaring van 'n spesifieke toeris kan verbeter. (2)

1.5 Klassifiseer die volgende toerismesektore as óf akkommodasie, vervoer of dienste. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.5.1−1.5.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

FlySafair ; Departement van Binnelandse Sake; Fire and Ice Hotel; Toeriste-inligtingsentrum; Greyhound; Linda se B&B

AKKOMMODASIE	VERVOER	DIENSTE
1.5.1 1.5.2	1.5.3 1.5.4	1.5.5 1.5.6

(6)
[30]

VRAAG 2

2.1 Verwys na ADDENDUM A (aangeheg) en beantwoord die vrae.

2.1.1 Wat is volhoubare toerisme volgens die artikel? (1 × 2) (2)

2.1.2 Hoekom is dit belangrik om volhoubare toerisme te beoefen? (1 × 3) (3)

2.1.3 Noem DRIE faktore, volgens die artikel, wat 'n toeris kan toepas om volhoubare toerisme te ondersteun. (3 × 1) (3)

2.1.4 Watter DRIE inisiatiewe word volgens die artikel deur Amakhala-reservaat aangebied? (3 × 1) (3)

2.1.5 Die regering speel 'n belangrike rol in die opstel van wetgewing om volhoubare toerisme te ondersteun.

Bespreek DRIE faktore van verantwoordelike toerisme volgens die Witskrif. (3 × 2) (6)

2.2 In Suid-Afrika is daar twee regeringsorganisasies wat verantwoordelik is vir die regulering van die toerismebedryf, die een is DEAT.

2.2.1 Waarvoor staan DEAT? (1 × 2) (2)

2.2.2 Bespreek DRIE sleutelfunksies van DEAT. (3 × 2) (6)

2.3 Kies 'n funksie uit KOLOM B wat by die organisasie in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.3.1	GHASA	A	speel 'n aktiewe rol in die gemeenskap van reisagente
2.3.2	ICAO	B	stel buitelandse toerismekantore in staat om saam te werk
2.3.3	ASATA	C	ontwikkel toeristefasiliteite
2.3.4	ANTOS	D	verteenwoordig lede wat daartoe verbind is om kwaliteit en waarde-vir-geld-verblyf vir gastehuise te verskaf
2.3.5	THETA	E	bemark Suid-Afrika as 'n voorkeur-toeristebestemming
		F	verseker die veilige groei van internasionale lugvaart
		G	ontwikkel vaardighede van werkers in die gasvryheidsektor

(5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord die vrae hier onder:

Vakature – Toergids
eThekwini Munisipaliteit

Doen nou aansoek vir hierdie permanente pos

Hoofverantwoordelikhede:
- Verwelkom gaste
- Help toeriste om roetes te beplan en neem toeriste op terreintoere
- Verskaf inligting aan toeriste
- Verseker veiligheid van toeriste
- Voorsien algemene inligting soos vereis deur toeriste

Noodsaaklike vereistes:
- Graad 12/NCV Vlak 4-Toerisme
- Toerismekwalifikasie
- Toerbegeleidingsertifikaat geakkrediteer deur SAQA
- Noodhulpsertifikaat

Spesiale voorwaardes:
- Moet binne die grense van die streek reis

Vergoeding:
R239 271 PA

KONTAKPERSOON: THILO NAIDU
KONTAKNOMMER: 031 311 3714
SLUITINGSDATUM: 2022/07/04

[Bron: Aangepas vanaf www.gov-jobs.co.za]

3.1.1 Identifiseer die pos wat geadverteer word. (1)

3.1.2 Identifiseer die bron waar hierdie pos geadverteer is. (1)

3.1.3 Noem DRIE ander bronne wat 'n mens kan gebruik om 'n werk in die toerismebedryf te kry. (3)

3.1.4 Noem DRIE noodsaaklike vereistes vir 'n persoon wat vir hierdie pos aansoek doen. (3)

3.1.5 Noem DRIE instellings van hoër onderwys waar 'n mens 'n Toerisme-kwalifikasie kan verwerf. (3)

3.1.6 Waarvoor staan SAQA? (1)

Kopiereg voorbehou

3.2 Jy is gevra om 'n loopbaan-ekspo by een van die plaaslike hoërskole by te woon. Dit is jou verantwoordelikheid om reisagente as 'n loopbaangeleentheid in die toerismebedryf te bevorder.

Stel 'n gids saam met die opskrif "n Dag in 'n reisagent se lewe'. Dit moet die verantwoordelikhede van 'n reisagent uitlig. (3 × 2) (6)

3.3 Voltooi die tabel hier onder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

AANTREK-LIKHEID	**PROVINSIE**	**TIPE AANTREKLIKHEID – kultureel/natuurlik/ mensgemaak**	**BESKRYWING**	**TIPE TOERIS**
3.3.1 … (1)	Vrystaat	3.3.2 … (1)	Sandsteen-obelisk, ter herdenking van vroue en kinders wat in konsentrasie-kampe gesterf het.	Massa-toeris
Mapungubwe Nasionale Park	3.3.3 … (1)	Kultureel	3.3.4 … (2)	3.3.5 … (1)
3.3.6 … (1)	Gauteng	3.3.7 … (1)	'n Rekonstruksie van Johannesburg tydens goudstormloop.	Histories
Robbeneiland	3.3.8 … (1)	Natuurlik/kultureel	3.3.9 (2)	3.3.10 … (1)

(12)
[30]

VRAAG 4

4.1 Verwys na die prent hier onder en beantwoord die vrae.



4.1.1 Dink jy hierdie hotel lewer 'n goeie of slegte diens? Motiveer jou antwoord. (1 + 1) (2)

4.1.2 Wanneer die ontvangsdame uiteindelik terugkom, wat dink jy sal die reaksie van hierdie toeriste wees? (1)

4.1.3 Hoe is die ontvangsdame veronderstel om op te tree in reaksie op die toeriste se gedrag? (4 × 1) (4)

4.1.4 Hoe sal die hotel geraak word deur die diens wat jy in VRAAG 4.1.1 genoem het? (3 × 1) (3)

4.1.5 Watter funksionele area van die hotel word deur hierdie prentjie uitgebeeld? (1)

4.1.6 Identifiseer TWEE ander funksionele areas binne hierdie hotel. (2)

4.1.7 Bespreek die belangrikheid van die verbetering van diensstandaarde in die toerismebedryf. (3 × 1) (3)

4.2 'n Afgetrede egpaar van Duitsland, mev Bosch en haar man, wil Wêrelderfenisgebiede in die Wes-Kaap en KwaZulu-Natal besoek. Hulle wil ook graag die kulturele diversiteit van die Wes-Kaap ervaar. Hulle wil in hotelle bly en van vlugte en motorhuur gebruik maak. Hulle beplan om 14 dae in die land te wees.

4.2.1 Noem VYF moontlike faktore wat hierdie afgetrede egpaar beïnvloed het om Suid-Afrika te besoek. (5)

Kopiereg voorbehou

4.2.2 Stel VYF vrae saam wat jy die egpaar kan vra om hul behoeftes te identifiseer. (5)

4.2.3 Stel TWEE Wêrelderfenisgebiede voor wat die egpaar in KwaZulu-Natal kan besoek. (2)

4.2.4 Stel TWEE Wêrelderfenisgebiede voor wat die egpaar in die Wes-Kaap kan besoek. (2)

[30]

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die advertensie hier onder en beantwoord die vrae.

THOMPSONS 011 770 7676 40 JAAR
VAKANSIE-ERVARING

NUWE PAKKETTE...

NUWE BESTEMMING: ONTDEK VIËTNAM 2022

www.thompsons.co.za
Jou eenstop-reisspesialis

5.1.1 Identifiseer die fase van die produklewensiklus waarin Thompsons Holidays is. (1 × 2) (2)

5.1.2 Verduidelik hierdie fase breedvoerig deur na die advertensie te verwys. (3 × 1) (3)

5.1.3 Noem die ander VIER fases van die produklewensiklus. (4)

5.2 Om die behoeftes van die toeriste te bevredig, moet toerismeverskaffers marksegmentering toepas. Marksegmentering help jou om kliënte van jou produk of diens te onderskei en meer gepersonaliseerde bemarkingsveldtogte vir hul unieke behoeftes op hulle toe te spits.

Wat is marksegmentering? (1 × 2) (2)

5.3 Vergelyk die volgende behoeftes van toeriste met groot en klein begrotings.

5.3.1 Stel 'n geskikte tipe verblyf vir 'n toeris met klein begroting voor.

5.3.2 Stel 'n geskikte tipe verblyf vir 'n toeris met groot begroting voor.

5.3.3 Stel 'n geskikte tipe vervoer vir 'n toeris met klein begroting voor.

5.3.4 Stel 'n geskikte tipe vervoer vir 'n toeris met groot begroting voor. (4 × 1) (4)

Kopiereg voorbehou

5.4 Pas die tipe toeriste by die mees geskikte besienswaardigheid of aktiwiteit in die lys. Skryf slegs die antwoord langs die korrekte nommer (5.4.1−5.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Montagu Spa; Robbeneiland; DSTV Reiskanaal; Witwatervaart; Moria; Bo-Kaap ; Wynland

5.4.1 Avontuurtoeris

5.4.2 Leunstoeltoeris

5.4.3 Godsdienstige toeris

5.4.4 Mediese toeris

5.4.5 Geskiedenistoeris

(5 × 1) (5)

5.5 Klassifiseer die volgende toeriste as of *binnelandse, inkomende* of *uitwaartse* toeriste.

5.5.1 Mnr Van Niekerk, 'n Suid-Afrikaanse burger, reis van Bloemfontein na die Noord-Kaap om die Augrabies-waterval te besoek.

5.5.2 ’n Sakeman wat van Brasilië na Kaapstad reis om ’n konferensie by die IKR by te woon.

5.5.3 ’n Afgetrede egpaar reis van George na Kanada om familie te besoek.

5.5.4 Mnr en mev Smith, 'n egpaar van Johannesburg reis na Durban vir hul 20ste huweliksherdenking. (4 × 1) (4)

5.6 Thabo oorweeg dit om ‘n toergids te word.

Gee hom raad oor die DRIE tipes toerbegeleiding en gee 'n voorbeeld van elk.

(3 × 2) (6)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A
VRAAG 2

VOLHOUBARE TOERISME – SUID-AFRIKA

Volhoubare toerisme is 'n benadering tot toerisme wat lae omgewingsimpak en sosiale verantwoordelikheid vooropstel. Die doel daarvan is om die toerismebedryf te ontwikkel sodat dit 'n positiewe ervaring vir plaaslike mense sowel as die toeriste self meebring. Volhoubare toerisme is 'n algemeen aanvaarde praktyk in suksesvolle ekotoerisme.

Wat is ekotoerisme?

Ekotoerisme is 'n tak van toerisme wat besoekers die geleentheid bied om die natuurlike landskappe, natuurlewe en die plaaslike kultuur van 'n gebied te ervaar. Dit is bedoel om die bewaring van hierdie natuurlike hulpbronne vir toekomstige geslagte te bevorder.

Grondbeginsels vir volhoubare toerisme en ekotoerisme:


Minimaliseer impak op die omgewing.


Bou omgewings- en kulturele bewustheid en respek.


Verskaf positiewe ervarings vir besoekers en gashere.


Verskaf finansiële voordele en bemagtiging vir plaaslike mense.

Sommige van ons wonderlike inisiatiewe:

Amakhala Wildreservaat en sy vennote is daartoe verbind om deurlopende onderwys aan individue en jeuggroepe van skole en tersiêre instellings te verskaf oor die belangrikheid van volhoubare toerisme. Deur aktiewe deelname aan werkswinkels en aanbiedings poog Amakhala om mense te bemagtig met kennis oor hoe hulle kan bydra en uiteindelik 'n verskil kan maak in spesie- en landskapbewaring.

Die Amakhala Vrywilligersprogram bied praktiese ervaring in bewaring en ekologie. Vrywilligers sal betrokke wees by dieremonitering, grondrehabilitasie, instandhouding en 'n verskeidenheid ander veldprojekte soos die behoeftes van die reservaat vereis. Die Amakhala's Vrywilligersprogram is geskik vir persone van alle ouderdomme wat op soek is na iets anders. Dit bied 'n unieke geleentheid om by te dra tot bewaring, 'n verskil te maak en terug te keer na die natuur.

Die Amakhala- bewaringsentrum is die tuiste van die Amakhala-stigting, 'n inisiatief wat in 2009 begin is om bewaringsonderrig aan besoekende skoolkinders te verskaf.

Kontak Ons:
Amakhala Vrywilligers: safari@amakhala.co.za ; www.amakhalavolunteers.co.za
+27 42 235 1291
Amakhala-stigting: foundation@amakhala.co.za

[Bron: Aangepas van https://www.amakhala.co.za/conservation/sustainable-tourism]

Kopiereg voorbehou